# Lekkerbekkie

Gratis e-tydskrif vir ouers en kleuters



Uitgawe 6 Oktober 2011



## Inhoud

### Artikels

Ons gesels met: Nedine Blom ........ 3
Help jou kind met sy vrees vir die donker ........ 4
Rubriek: Die *granny* in die *granny flat* ........ 5
Rubriek: Ons plus twee ........ 6
Ontwerpers-*babygrows* van Tinka's Kids........ 7
*Lekkerbekkie*-lesers kuier op *Facebook* ........7

### Vir die kleingoed

Storie: Lekkerbekkie gaan kuier ........ 1
Inkleurprentjie ........ 2
Aktiwiteit ........ 8

### Bak en brou

Resep: Gemmerbroodmannetjies ........ 5
Little 1: Speelklei met blinkertjies ........ 6

### Gratis

Rekenaarspeletjie ........ 2

### Kompetisie

Wen ontwerpers-*babygrows* van Tinka's Kids ........ 9
Kontakbesonderhede ........ 9

Model: Lianie van Wyk

## Nog 'n uitgawe propvol pret!

Die hoogtepunt van die afgelope maand was beslis my onderhoud met Nedine Blom. Nie net was sy een van die vriendelikste "celebs" met wie ek nog kontak gemaak het nie, maar sy is beslis een bondeltjie energie! Haar passie vir haar gesin en haar loopbaan sal my nog lank bybly, en ek hoop 'n bietjie daarvan skyn ook in die artikel deur (bl.3).

'n Ander lekkerte was die vrystelling van ons nuutste twee kinderstorie-CD's met bekende sprokies. Om aan te sluit hierby plaas ons dan ook hierdie maand die resep vir 'n gemmerbroodmannetjie (bl.5)! Neem gerus deel aan ons Oktober-kompetisie, en staan 'n kans om 'n oulike ontwerpers-*babygrow* van Tinka's Kids te wen (bl.8). Díe talentvolle dame maak ook die wonderlikste kwilts en lappoppe vir kinderkamers. Loer gerus in by haar webwerf www.tinkaskids.co.za!

Dankie vir al die briewe en terugvoer wat ons van ons lesers ontvang het. Dis baie lekker om te weet ons tydskriffie word so geniet. Deel dit sommer hierdie maand met AL jou vriende - dis gratis, en dit gaan gratis bly!

**Groete uit die kantoor**
**Anna Emm**











nuwe kinderstories

CD 1 stories:
1. Die drie varkies
2. Die gemmerbroodmannetjie
3. Die goue gans
4. Die drie rammetjies rof
5. Rooikappie
6. Die paddaprins


R100 elk
by
mail@annaemm.co.za
www.AnnaEmm.co.za

CD 2 stories:
1. Gouelokkies en die drie bere
2. Die musikante van Bremen
3. Die koning se nuwe klere
4. Die prinses en die ertjie
5. Die ses diensknegte
6. Die gestewelde kat



© Anna Emm Productions 2011

# Lekkerbekkie gaan kuier



Op ‘n mooi dag stap Lekkerbekkie Muis by sy huisie uit. Hy dra ‘n groot tas in sy een handjie. Hy maak die deurtjie van sy huisie styf toe, en sluit dit. Hoog bo in die boom sit Mossie die mossie. Sy wonder waarheen Lekkerbekkie Muis dan gaan met daardie groot tas.

“Ek gaan kuier,” sê Lekkerbekkie Muis vir haar. “Jy moet my huisie mooi oppas!”

“En waar gaan jy dan kuier?” vra Mossie die mossie, en sy loer nuuskierig na die groot tas. Sy wonder waar die muisie gaan kuier.

“Dit is ‘n groot geheim!” lag Lekkerbekkie Muis, en hy stap in die paadjie af.

“Waar gaan jy met die groot tas, Lekkerbekkie Muis?” twiet die voëltjies van die bos. Hulle wip op en af in die paadjie. Hulle wil weet wat is binne-in die tas!

“Ek gaan kuier,” sê Lekkerbekkie Muis. “Ek kan nie sê waar nie. Dit is ‘n geheim!”

Al die voëltjies van die bos is nou baie nuuskierig!

“Ag vertel ons, Lekkerbekkie Muis!” roep die swaeltjies. “By wie gaan jy kuier?”

“Sê ons! Sê ons! Sê ons!” roep die vinkies.

Maar Lekkerbekkie Muis wil niks sê nie. Hy skud net sy koppie heen en weer. Hy stap onder die bome deur. Lekkerbekkie Muis stap baie ver tot daar waar die groot bosse groei met die rooi bessies wat so baie lekker soet smaak. Onder die groot bosse met die rooi bessies woon Lekkerbekkie Muis se maatjie, Mopsie Muis. Mopsie Muis is baie bly om vir Lekkerbekkie te sien. Die twee muisies kuier tog te lekker!

Toe dit tyd is om huis toe te gaan, maak Lekkerbekkie Muis die groot tas oop. Die tas is leeg. Mopsie Muis help vir Lekkerbekkie Muis om die hele tas vol rooi bessies te maak! Hulle pluk en pluk van die lekker bessies, en pak dit in die tas. Toe die tas vol bessies is, maak Lekkerbekkie dit toe en dra dit terug na sy huisie in die bos.

Al die voëltjies van die bos is baie bly om vir Lekkerbekkie Muis te sien!


“Lekkerbekkie Muis is terug!” roep hulle bly. “Lekkerbekkie Muis en sy groot tas is terug by die huis! Hy het klaar gekuier!”

Lekkerbekkie Muis roep al die voëltjies van die bos nader, en maak die groot tas oop. Die tas is propvol rooi bessies wat baie soet smaak! O, en nou is die voëltjies so baie bly! Hulle is baie lief vir rooi bessies!

“Dit was my geheim!” roep Lekkerbekkie Muis. “Ek het by Mopsie Muis gaan kuier onder die groot bosse, sodat ek vir my maatjies in die bos van die rooi bessies kan bring wat so lekker soet smaak!”

Almal is baie bly dat Lekkerbekkie Muis gaan kuier het, en dat hy weer teruggekom het!

**Die Einde.**




*Anna Emm het al meer as 700 kinderstories geskryf en op CD vrygestel. Sy woon in Kaapstad en is getroud met 3D animasie kunstenaar, Stefan van der Vyver. Sy is ma van Elanie (11) en Mila (7 maande).*
***www.annaemm.co.za***

© Anna Emm Productions 2011

# INKLEURPRENTJIE:

## Lekkerbekkie gaan kuier



GRATIS
**Rekenaarspeletjie!**
"Kliek-speletjie"
STINK Produksies Cc MINI-GAMES
**Kliek hier om te speel**




Fun -kids playware-
Kids Overalls, Gumboots and more!
Carina Van Vuuren
081 124 9011 • orpheus@mweb.com.na

acornkids



Prettige produkte vir kinders wat die lewe geniet!
Kontak my vir meer inligting oor die produkte of hoe om jou eie besigheid te begin.
Lekkerbekkie lesers kry 'n gratis geskenk saam met die eerste bestelling.
Aflewerings van produkte regoor Suid Afrika.
Cornel Needham
082 409 9071 cornel@acornkids.com http://cornel.acornkidsdealer.co.za

© Anna Emm Productions 2011

# Nedine Blom… oor die passies in haar lewe!

**Sangeres Nedine Blom is ma vir 9-jarige Adriaan, en twee stiefkinders uit haar man se vorige huwelik, Amor (19) en Christiaan (15). Anna Emm het met haar gesels oor die passies in haar lewe…**

My eerste passie is my gesin. Daai plekkie wat ek daar vul, wat aan die begin gevoel het soos 'n paar nuwe skoene wat druk, is nou vir my die plekkie waar ek hoort. Ons is 'n saamgestelde gesin, en het almal vir baie lank rof aan mekaar geskaaf sodat die hele "masjientjie" gewax kan wees! Van verlede jaar af voel dit vir my die masjien se nukke en grille is uitgesort (ons is hierdie jaar 10 jaar lank getroud!). My gesin se liefde is wat my dra deur die tye wat ek dink "nou kan ek nie nog een tree gee nie".

My tweede passie is liedjiesskryf en sing. Ek het al nagenoeg 60 liedjies geskryf, en kan voel daar is nog 'n hele klomp wat in die ry staan om geskryf te word, wat vir my goeie nuus is! Want as die liedjies moet opdroog… weet ek nie hoe ek gaan maak nie!

My ander passies is iets waarvoor ek baie min tyd kry: kook en verf. Ek hou van skilder, en kreatief wees met kosmaak. In ons besige skedule is dit maar moeilik om hiervoor tyd te maak. My droom is om van volgende jaar af op Sondae te skilder, omdat ons besluit het dat ons glad nie volgende jaar op Sondae sal shows doen nie. So hou asb. saam met my duim vas!

**Hoe bestuur jy alles sodat jy by almal uitkom?**

Ek probeer regtig hard om balans na te streef. Dis bitter moeilik, maar ek dink ek wen plek–plek! Ek spandeer alleen-tyd saam met elke gesinslid, bv. alleen milkshake, alleen uiteet of 'n chickflick vir die girls! Ek speel graag saam met die kinders bordspeletjies. Op hierdie stadium is Amor (19) die *Rummicub*-kampioen (natuurlik 'n bitter pil vir my om te sluk!)

**Hoe leer 'n mens jou kinders om hulle passies uit te leef?**

Ek probeer in voeling wees met ons kinders se passies. Adriaan hou van dans en jol, maar ek vermoed hy is 'n protennisspeler in the making. Amor het 'n pragtige stem, maar sy is baie skaam om te sing. Ek help haar op die oomblik bietjie met sanglesse en sy ontwikkel mooi. Christiaan hou baie van kook, en ons gee hom vrye teuels as dit by kosmaak kom.

**Baie mense glo dat jy nie 'n groot "calling" buite jou gesinslewe kan hê nie – stem jy saam?**

Nee jinne, ek kan nie dink dat dit ooit so kan wees nie. Waar gaan "refill" mens dan, as jy net in jou gesin "interact". Dit is juis die feit dat ek in aanraking kom met soveel mense, dat ek soveel inligting "gather" en kan kom toepas op my gesin. My "calling" is my gawe om mense aan te



raak met my stem. Ek kan met eerlikheid in my hart sê dit is die instrument wat die Here vir my gegee het om Sy liefde mee uit te leef. Ek "love" my werk.


**Watter inspirasie het jy vir mammas wat voel hulle kom nie by hulself uit nie?**

(1) Twintig minute elke dag is JOUNE, NET JOUNE. Of jy dit nou in 'n bad, tuin, of koffiewinkel spandeer - dis joune. (2) Stel grense - "Nee, Mamma rus nou, gaan gooi gou vir jouself koeldrank in" of "Maak asb. gou vir Mamma koffie " of "My man, ek het "time out" nodig, gaan bietjie uit saam met die kinders" is sinsnedes wat my gesin gereeld hoor. Maar dit gaan gepaard met baie, baie liefde! (3) Vind uit wat laat jou "tick". Of dit nou lees, tuinmaak, kook, gesels, navorsing, kreatief wees – maak nie saak nie. Probeer 'n mosaïekkursus, of 'n kortverhaal-skryfkursus, of 'n website-ontwerpkursus. Dit verrig wondere! En dit bring baie dinamika in 'n gesinstruktuur in, want dit stimuleer die ander gesinslede om ook hulself te verryk.



© Anna Emm Productions 2011

# Help jou kind met sy vrees vir die donker



Die meeste jong kinders kan nog nie onderskei tussen verbeelding en die werklikheid nie. Dit is die hoofrede waarom baie van hulle die een of ander tyd deur 'n fase gaan waar hulle bang is vir die donker.

Voeg die vrees vir skeiding van Mamma en Pappa by die skrikkerigheid vir 'n donker kamer, en jy het 'n werklike probleem. 'n Groot sondebok in kinders se vrees vir die donker is die dinge wat hulle op televisie sien. Beperk wat hulle kyk en die hoeveelheid tyd wat hulle voor die televisie spandeer. Dit is nie altyd die geweld en spoke en monsters op televisie wat kinders bangmaak nie, maar enige fantasie-karakter, spannende storielyn, flitsende ligte en selfs onrealistiese beelde in musiekvideo's kan in hulle gedagtes bly vassteek.

Omdat hulle nog nie kan onderskei tussen werklikheid en fantasie nie, gebruik hulle dikwels fantasie om hulle vrees vir werklike dinge te verteenwoordig.

'n Monster onder die bed kan intree vir 'n inbreker, rusies, of spannings in die huis, ens. Die beste manier om jou kind gerus te stel, is om vir hom 'n nagliggie aan te los of vir hom 'n flits te gee om die donker te verdryf. Dit help nie om vir jou kind te sê hierdie dinge is nie regtig nie, omdat verbeelde dinge vir hom glad nie anders as werklike dinge is nie. Vra vir jou kind om 'n prentjie te teken van sy kamer in die donker. Wanneer daar monsters en vreemde voorwerpe opduik, kan jy die dinge wat hom bangmaak, identifiseer en dit uit die kamer verwyder, indien moontlik.

Praat met jou kind oor die dinge wat hom bangmaak – hoe meer hy daaroor kan praat, hoe vinniger kan hy dit in perspektief sien.

Kuier 'n bietjie by hom op sy bed voor slaaptyd, lees 'n storie of gesels oor die dag se gebeure om hom rustig te maak.

Los 'n CD met stories aan in sy kamer ná die lig afgeskakel is.

Onthou dat dit 'n fase is wat sal verbygaan sodra die kind ouer word en beter kan onderskei tussen werklikheid en verbeelding – mits jy as ouer dit reg hanteer en hom rustig tot by daardie eindpunt begelei.





Die storie van "Frikkie die Erdwurm" help maak kinders wat bang is vir die donker.

Vita Stories

24 Dierestories wat kinders help met kwessies soos boelies, terg, egskeiding, groepsdruk, bang vir die donker, en spanning.

Slegs R35 per CD!

Kies van 24 onderwerpe



www.AnnaEmm.co.za



DIE Vita Stories REEKS




is 'n versameling van 24 heerlike dierestories op CD, vir kinders 3-9.
Elke storie is geskryf rondom 'n ander sosiale kwessie en word ingespan om vir kinders lewensvaardighede, emosionele weerbaarheid en positiewe gedagtepatrone te leer.

Elke CD sluit in : 'n luisterstorie oor 'n spesifieke kwessie, 'n inkleurprentjie, 'n ouerhandleiding, en die storie in teksformaat vir voorlees.



CD1: Die oranje stertjie - EGSKEIDING
CD2: Frikke die erdwurm - VREES VIR DIE DONKER
CD3: Daar was eenmaal 'n kewertjie - MISLUKKING
CD4: Die beertjie met die seer tand - SKEIDINGSANGS
CD5: Lappie die teddiebeer - NUWE BABA
CD6: Skilpad en die jakkalsies - BOELIES
CD7: Voëls van die sonskynbos - DOOD IN DIE FAMILIE
CD8: Nollie die klein varkie - AGGRESSIEWE GEDRAG
CD9: Wie sing so? - SPANNING IN DIE HUIS
CD10: Pietertjie en Paultjie - SIEKTE IN DIE FAMILIE
CD11: Timmie in die moeilikheid - GROEPSDRUK
CD12: Topsie die seekat - DIE EENKANTKIND
CD13: Kosie Krokodil - MISLUKKING
CD14: Die ou hoekie en nuwe hoekie - EGSKEIDING
CD15: Ignatius gaan skooltoe - VREES VIR SKOOL
CD16: Stompie is ongelukkig - DEPRESSIE
CD17: Dingetjie sonder naam - LAE SELFBEELD
CD18: Wat is fout met Michael? - SPANNING
CD19: Montie die apie - DIE EENKANTKIND
CD20: Sewe klein katjies - TERG
CD21: Dippie tel 'n eiertjie op - HARTSEER
CD22: Moenie die bessies eet nie - DWELMS
CD23: Kleinbeer se geheim - MISHANDELING
CD24: Bang Bennie - VREES

R35 per dubbel CD / R750 vir die reeks van 24
www.AnnaEmm.co.za

© Anna Emm Productions 2011

# Die *granny* in die *granny flat*



## Oor oumas en appels wat oudword

Mabel, die swart *fairy*, het Satermiddag kom help om die voëltjiesaad wat deur klein voetjies ingetrap word en die krummels wat diep in die oranje rusbank se voue lê van al die tous-broodjies wat daar geëet word, op te suig. Sy het maar net haar kop geskud en tongklikkend gesê: "Madam, you are growing old." Nou ja, soos almal wat haar ken weet, is Mabel se opmerkings gewoonlik in die kol. Sy is dan ook altyd eerste om aan jou te noem as jy 'n paar ekstra kilo's aangesit het!

Ek het my appel net halfpad geëet, toe kom die filistyntjies daar aan om die skoonmakery dop te hou. Natuurlik sonder die geringste skuldgevoelens oor hul eie aandeel in die vuil. Toe hulle weer loop, soek ek die ander helfte van die appel. Uiteindelik besluit ek dat ek dit wel later sal ruik, en gee die stryd gewonne. Daar was plantjies om te plant en tee om op die trampolien in die son te drink – alles baie belangriker as 'n verlore appel.

Nou ja, so luister ek Sondagoggend na Fanie Smit se *Loof die Here* en hoop die kleintjies gee my kans om te stort, toe ek die kasdeur oopmaak. En daar sit ta! Mooi netjies bo-op my onderklere. Begin al bruin word van die wag. Nou ja, wat kon ek doen? Hap toe maar die laaste vars stukkies af en gaan uit om die stronk in die erdwurmdrom te gooi. Het natuurlik nie mooi hieroor gedink nie, want toe my deur oopgaan, bars die groot huis se deur ook oop en kom die blou kind en die pienk kind in gelid oor die gras gehuppel. Ouma is wakker!

Ek en klein handjies lig versigtig die vrot skille om te sien hoe vet die wurms al van al die halfgeëte appels geword het. En ek voel baie trots omdat ek klein mensies van *re-cyling* te leer – sommer so speel-speel, al is dit dan nou oor ek oudword!

*

*Marianne Strydom woon in 'n* granny flat *by haar kinders in Durbanville. Sy is 'n vryskut taalpraktisyn en ouma van vyf kleinkinders.*






## GEMMERBROODMANNETJIES

**BESTANDDELE**

350g koekmeelblom
175g sagte bruinsuiker
100g botter/margarien
1 medium eier
4 eetlepels goue stroop
1 teelepel koeksoda
1 ½ teelepel fyn gemmer
Koekroller
Mannetjie-koekievorm

**METODE**

1. Voorverhit die oond tot 180°C.
2. Gooi die koekmeelblom, botter/margarien, fyn gemmer en koeksoda in 'n mengbak. Meng die bestanddele met jou vingerpunte tot krummelrig.
3. Voeg die bruinsuiker, goue stroop en eier by en meng deeglik tot 'n stywe deeg.
4. Gebruik die koekroller en rol die deeg uit tot 'n dikte van 5mm. Maak seker dat die koekroller en die oppervlak goed bedek is met meel.
5. Sny die deeg met die mannetjie-koekievorm.
6. Plaas die gemmerbroodmannetjies op 'n gesmeerde bakplaat.
7. Sit die bakplaat in die voorverhitte oond. Bak vir 15 minute.
8. Versier die gemmerbroodmannetjies na eie smaak.

**Idees:**
Plaas 'n bietjie versiersuiker op 'n deel van die mannetjie wat jy wil versier. Versier met "chocolate chips" en eetbare silwer balletjies.









© Anna Emm Productions 2011

# Ons plus twee



## Ocean Basket

In ons huis is uiteet nou nie iets wat dikwels gebeur nie. Gister na kerk besluit manlief egter ons het iets om te vier en dis tyd vir 'n uiteet. Ellard laat nie op hom wag nie. Hy wil garnale gaan eet by "die huis met die rotse waar die pad vir die bote in die see in loop". (Dis nou Gordonsbaai se Ocean Basket vir dié wat wonder.)

Soos ons geluk dit wil hê, is Ocean Basket se krag af en is daar geen aartappelskyfies nie. Wat 'n ramp! Vir my kinders is uiteet en "chips" immers sinonieme. Ellard is gelukkig nie gepla nie, solank hy net garnale kan kry!

Ek sit en verkyk my aan die paartjies wat rustig sit en kuier en oor die see uitkyk. By ons tafel is dit 'n perd van 'n ander kleur. Salomie is op en af, op en af, van haar stoel. In die proses beland haar sleg sappies* oor alles. Sy verstik ook aan 'n stukkie komkommer en mamma moet red. Ellard besluit om te staan en eet, en daar is rys die wêreld vol.

Op pad huis toe sê ek dankie vir 'n heerlike ete. Hier van agter kom dit ewe: "Dis 'n plesier dat ek gedink het ons moet kom garnale eet."

Salomie raak op pad huis toe aan die slaap, ten spyte van al ons beplanning om seker te maak ons is net na 7 terug by die huis.

En natuurlik, ná die "power nap", is sy toe soos die *Energiser*-hasie wat nie voor 10 tot rus gekom het nie.


* Vir dié wat wonder, sleg sappies is gaskoeldrank. Toe Ellard kleiner was het ek vir hom vertel dis sleg vir hom. Een vakansie gee Oupa toe vir die knaap 'n sluk Pepsi en die koeël is deur die kerk. "Hmm, lekker sleg sappies." Wel, daarna het die gaskoeldrankbedryf nog 'n aanhanger, en is dit herdoop na sleg sappies.

*

*Lizelle Rademeyer woon saam met haar man en twee kinders, Ellard (4) en Salomie (2) op Stellenbosch.*


Elke program sluit in:

- Voorbereiding
- Bybelonderrig
- Wiskunde les
- kuns aktiwiteit
- spier oefeninge
- musiekles
- taal aktiwiteite
- "kleur dag"
- pret eetgoed idees
- uitstappie idees
- "messy play"
- bak en brou
- regte woorde/skrif





Oulike Idees vir Tuisbly-Mammas:

**Stimuleringsprogramme wat jy self met jou kleinding kan doen!**

Eendag lank gelede was Tiana Burger 'n kleuterskool-juffrou. Nou is sy tuisbly- mamma van 'n klein prinsie.

"Little1" het begin nadat sy besluit het om 'n program uit te werk wat sy met hom kan doen tot hy Graad R toe gaan.




Die eerste 4 weke van die program het sy gratis vir Facebook mammas beskikbaar gestel, en die reaksie was oorweldigend! Jy kan ook die eerste program gratis aflaai by:

www.little1.co.za

Vanaf week 5 is die programme beskikbaar teen slegs R10 'n week.

Little 1 — A genius in the making


## Resep: Speelklei met blinkertjies




- 1 koppie meel
- ½ koppie sout
- 2 eetl *cream of tartar*
- 1 eetl olie
- 1 kop water

1. Meng al die bestanddele goed in 'n pot.
2. Kook op medium hitte en hou aan roer vir 3-5 min.
3. Deeg sal styf word en 'n bal vorm.
4. Haal van die stoof af en koel 5 min lank af.
5. Knie vir 'n paar minute en gooi blinkers en confetti by.
6. Bêre in 'n *zip-lock* sakkie of lugdigte bak.

Hierdie resep vorm deel van die *Little 1* programme.

## Ryg Blokkies



Druk sosatie-stokkies in die speelklei en ryg blokkies of groot krale in die stokkies.

Bv:

- Ryg al die sirkels of vierkante in.
- Ryg dieselfde kleure in.
- Ryg van groot na klein, of andersom.
- Pak 'n patroon van blokkies en herhaal patron deur te ryg.

Vaardigheid: Fynmotoriese ontwikkeling.

Hierdie aktiwiteit vorm deel van die *Little 1* programme.

© Anna Emm Productions 2011

## Ontwerpers-*babygrows* van Tinka's Kids

www.tinkaskids.co.za

Verena Read se skoonma het haar oorreed om 'n omkapper te koop van vriende wat wou emigreer. Die omkapper was vyf jaar lank agter in haar kas weggebêre omdat sy te bang was om dit te gebruik. Toe haar dogter amper 'n jaar oud was, het Verena gehoor van 'n naaldwerkwinkel wat lesse in stikwerk aanbied. Sy het besluit dis tyd om te leer, en sy het verlief geraak op naaldwerk! Sy het voorheen allerlei "crafts" probeer, maar dit was die kombinasie van stikwerk, borduurwerk en appliekwerk, wat alles vir haar laat "kliek" het. Sy het begin deur vir haar dogtertjie babygrows te maak, maar haar vriende het dadelik gevra dat sy vir hulle kinders ook maak. Dis hoe Tinka's Kids gebore is…

Verena woon saam met haar man, haar dogtertjie, Mia (3), en drie honde op 'n plaas in die Swartland, waar hulle omring is deur skape, eende, ganse en hoenders. Toe hulle oorspronklik plaas toe getrek het, was 'n oulike worshond, Tinka, deel van die gesin. Tinka was altyd vrolik en spelerig, en het saam met vriende se kinders rondgehardloop op die plaas. Ongelukkig kon sy nooit vir Mia ontmoet nie, maar nou leef haar herinnering nog voort in Tinka's Kids se speelse ontwerpe.


"Ek is mal oor kleure!" sê Verena. "As kind het ek verwonderd gestaan na die blikkies kleurpotlode in die skryfbehoeftewinkels, en het altyd gewens vir my eie reënboog van potlode. Die afgelope jare het ek my eie reënboog versamel: verf, borduurgare, lappe, en ontwerpe. Nou speel ek graag met kleur en tekstuur in my lappoppe, babygrows en kwilts."

Elke babygrow is uniek, met sterk kleure en eenvoudige vorms. Baie mense is op soek na iets spesiaals – veral vir 'n geskenk aan 'n nuwe mamma. Die klere is baie gemaklik om te dra, en trek oral aandag omdat dit so besonders lyk.

Tans is Verena besig om voorraad op te bou vir die Kersmarkte, o.a. Stellenberg en Seepunt se markte. Sy beplan om klere vir babas tot 5-jariges uit te stal, so gaan loer gerus in! Kliënte wat ver woon, kan deur die webwerf bestellings plaas. Die babygrows word ook deur 'n paar boetieks versprei.

"Ek sal graag Tinka's Kids in winkels regoor die land wil sien," sê Verena. "Maar meer as dit sal ek net graag wil sien dat kinders vrolik rondspeel in my ontwerpe. Dit is my inspirasie vir nuwe ontwerpe…"





Tinka's Kids




Twee gelukkige lesers kan elk hierdie maand 'n *babygrow* van hulle keuse wen! Besonderhede op bladsy 9.


## Ons *Lekkerbekkie*-lesers kuier op *Facebook*

Mamma, Werda Spoelstra, het hierdie oulike aksiefotos van Lenka (2) op Facebook gelaai. Ons moes dit net deel.











© Anna Emm Productions 2011

Ons nuwe GOEDKOPER!!!

# Storieklub



Sluit aan by Anna Emm Productions se gewilde Storieklub, en kry ´n nuwe CD met 4 lekkerluisterstories elke maand in die pos!

## Nou slegs R79 per maand!!

**Betaal met gerieflike maandelikse debietorders, en kanselleer jou lidmaatskap net wanneer jy wil! (Minimum periode 3 maande)**

### Spesiale aanbod:

Sluit aan voor 25 Oktober en kry ´n GRATIS CD met 7 dierestories met jou eerste Storieklub CD!




## Storieklub-vorm Voltooi en faks na 021 558 0234

**Persoonlike Besonderhede**

Rekeninghouer: ____________________________________________

Posadres: ____________________________________________

Huis nr: ____________________ Sel: __________________________

Epos: ____________________________________________

Stuur asb my CDs met:

□ **Gewone pos (GRATIS)** Totaal = R79.00

□ **Met verwysingsnommer (R20.00)** Totaal = R99.00

Debiteer my rekening op die 1ste werksdag van elke maand:

Bank: ______________________ Tak: ______________________

Takkode: ____________________ Rek.tipe: ______________________

Naamhouer van rekening: ____________________________________

Rekeningnommer: ____________________________________________


**Debit order authorisation:**
This signed Authority and Mandate refers to our contract as dated as on signature hereof (“the Agreement”). I / We hereby authorise you to issue and deliver payment instructions to the bank for collection against my / our abovementioned account at my / our above mentioned bank (or any other bank or branch to which I / We may transfer my / our account) on condition that the sum of such payment instructions will never exceed my / our obligations as agreed to in the Agreement, and commencing on the commencement date and continuing until this Authority and Mandate is terminated by me / us by giving you notice in writing of no less than 20 ordinary working days, and sent by prepaid registered post or delivered to your address indicated above.The individual payment instructions so authorised to be issued must be issued and delivered as follows i. On the 1ste working day (“payment day”) of each and every month commencing on the first date applicable following the date on this agreement. In the event that the payment day falls on a Saturday, Sunday or recognized South African public holiday, the payment day will automatically be the very next ordinary business day. Further, if there are insufficient funds in the nominated account to meet the obligation, you are entitled to track my account and re-present the instruction for payment as soon as sufficient funds are available in my account; ii. Monthly; on or after the dates when the obligation in terms of the Agreement is due and the amount of each individual payment instruction may not be more or less that the obligation due; I / We understand that the withdrawals hereby authorised will be processed through a computerized system provided by the South African Banks and I also understand that details of each withdrawal will be printed on my bank statement. Each transaction will contain a number, which must be included in the said payment instruction and if provided to you should enable you to identify the Agreement. A payment reference is added to this form before the issuing of any payment instruction. I / We shall not be entitled to any refund of amounts which you have withdrawn while this authority was in force, if such amounts were legally owing to you. I / We acknowledge that all payment instructions issued by you shall be treated by my/our above mentioned bank as if the instructions had been issued by me/us personally. I / We agree that although this Authority and Mandate may be cancelled by me / us, such cancellation will not cancel the Agreement. I / We shall not be entitled to any refund of amounts which you have withdrawn while this authority was in force, if such amounts were legally owing to you. I / We acknowledge that this Authority and Mandate has been ceded to Netcash (Pty) Ltd as per your agreement with Netcash (Pty) Ltd, but in the absence of such assignment of the Agreement, this Authority and Mandate will be null and void.


______________________ ______________________

Handtekening / Signature Datum / Date

# Speel saam!

Watter paadjie moet Lekkerbekkie kies om by Mopsie Muis te kom?



babies ONLINE™

“Your parenting partner from pregnancy to pre-school”

- Opvoedkundige Speelgoed
- Afrikaanse Boekies
- Eksklusiewe baba en kleuter produkte

www.babiesonline.co.za

© Anna Emm Productions 2011

## 2 Gelukkige lesers kan elk 'n ontwerpers *babygrow* wen!




**Tinka's Kids is die naam van Verena Read se vrolike ontwerpe, en hierdie maand gee sy aan 2 gelukkige lesers elk die kans om 'n unieke babygrow van hulle keuse te wen!**


**(Gaan loer ook gerus op haar webwerf na die oulike lappoppe en kwilts… www.tinkaskids.co.za)**

Hoe om te in te skryf:
Stuur net 'n epos na
verena@tinkaskids.co.za
met "LEKKERBEKKIE"
in die subject line.


Slegs een inskrywing per persoon! Sluitingsdatum: 25 Oktober. Die wenners sal in die volgende uitgawe van *Lekkerbekkie* bekend gemaak word.

## September se wenners

*B@a-b@a* kompetisie







Baie geluk aan die wenners van September se *B@a-b@a*-kompetisie!

Lienke Nel (foto links),
Marli Geldenhuys (foto middel)
en Eduan Naudé (foto regs) wen elk 'n sagte *B@a-b@a* skapie uit die Karoo!

Baie geluk! Baie dankie aan Hesmari van Deventer vir die pryse. **www.baabaa.co.za**


# BYBEL BUDDIES

Lekkerluisterstories op CD uit die Ou en Nuwe Testament!




36 stories
+
inkleuraktiwiteite
6 dubbele CDs!

**CD 1**
Adam en Eva
Kain en Abel
Noag se ark
Abraham se seun
'n Vrou vir Isak
Jakob en Esau

**CD 2**
Josef en sy broers
Moses in die mandjie
Die tien plae
Die Israeliete in die woestyn
Die Israeliete in die woestyn2
Jericho se mure

**CD 3**
Simson
Rut
Sameul die profeet
Dawid en Goliat
Dawid word Koning
Koning Salomo

**CD 4**
Job
Jona
Daniël in die leeukuil
Daniël se vriende
Johannes die doper
Jesus se geboorte

**CD 5**
Jesus se kinderjare
Jesus in die woestyn
Water word wyn
Wonderwerke van Jesus
Wonderwerke van Jesus (2)
Gelykenisse van Jesus

**CD 6**
Lasarus
Saggeus
Jesus se dood
Jesus se opstanding
Die Heilige Gees
Paulus

**R100 per CD of**
**R500 vir die stel van 6**
(R20 posgeld op bestellings onder R300)



Bestel by mail@annaemm.co.za






# Adverteer in die volgende Lekkerbekkie!

lekkerbekkie@annaemm.co.za


Kontakbesonderhede



**Lekkerbekkie is 'n GRATIS maandelikse e-Tydskrif!**

As jy graag elke maand 'n nuwe Lekkerbekkie GRATIS wil ontvang stuur 'n epos na lekkerbekkie@annaemm.co.za.

**Wil jy nie meer uitgawes van Lekkerbekkie ontvang nie?**

Stuur 'n epos na lekkerbekkie@annaemm.co.za met die woord "UNSUBSCRIBE" in die *subject line*.